Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die
Vriende van Afrikaans

Jaargang 26: Nommer 1: Maart 2021

Liefde vir boeke die fokus van die Johan Combrink-gedenklesing

Maak jou kinders lief vir lees en gee vir hulle genoeg tyd om te speel.

Dit was in 'n neutedop Quinton Adams, 'n opvoedkundige sielkundige, se boodskap tydens die Vriende van Afrikaans (VVA), 'n divisie van die ATKV, se Johan Combrink-gedenklesing op die Ou Bethlemem-plaas te Kylemore, 'n dorpie nie ver van Stellenbosch nie.

Die plaas behoort aan die Enthoven-gesin. Dominique Enthoven, wat aan Afrikaanse lesers bekend is as Dominique Botha, die skrywer van die bekroonde roman *Valsrivier*, het die verrigtinge geopen.

Sy het ook vertel dat die eerste eienaar van die plaas, Pierre Simond, 'n Franse Hugenoot, op daardie stuk grond 'n boek geskryf het. Die boek is in Europa uitgegee en die enigste kopie daarvan het agter die Ystergordyn verdwyn. Dit is eers weer opgespoor ná die val van die muur in Berlyn.

Gaste het onder die ou eikebome langs die geskiedkundige wynkelder gesit en na Adams, ook bekend as die "Shack Builder", se inspirerende stories geluister.

Adams spandeer baie tyd in ons armste woonbuurte. Hy werk met jonk en oud, gesinne en enkelpersone, om die gemeenskap op te hef.

Hy beveel aan dat onderwysers kinders moet toelaat om boeke huis te neem. Leesboeke. Hy sê vir 'n jong kind is dit baie belangrik om te weet "ek is slim genoeg vir 'n boek".

Aanvanklik is dit belangriker as om te lees. 'n Selfbeeld wat groei omdat "ek slim genoeg is", doen reeds baie vir die kind se ontwikkeling. Dit sal hom/haar die selfvertroue gee om te probeer lees.

"Kinders wat lees se woordeskat brei uit en hulle kan gou sinne en vrae veel beter formuleer as dié wat nie lees nie."

As sielkundige is Adams ook bekommerd daaroor dat kinders nie genoeg speel nie.

Quinton Adams

"Kinders moet growwe motoriese vaardighede ontwikkel om hulle liggame te leer om fyn motoriese werk, soos skryf met 'n potlood, reg te doen."

Kinders wat nie speel nie, se ruimtelike selfbeeld is ook onderontwikkel en daarom sukkel hulle selfs met die posisionering van die boek se bladspieël.

Adams werk ook met ouer mense wat sukkel met lees. Een van sy groot projekte het begin in 'n skool in Mitchells Plain waar talle hardebaarde, vrygelaat uit Pollsmoor-gevangenis, moeilikheid gemaak het en die onderwysers radeloos gehad het. Die skade wat hulle aan die skool aangerig het, was teen die tyd wat Adams betrokke geraak het, reeds meer as R1 miljoen.

Toe begin Adams hulle betaal: R100 per boek wat hulle lees en vir hom kan opsom op 'n stuk papier.

Die eerste week was daar vyf wat hulle morrend by die Rebel Readers aangesluit het. Ses maande later was daar 30 Rebel Readers en nie een venster is in daardie ses maande gebreek nie.

Vyf jaar later is 70 van daardie Rebel Readers as entrepreneurs betrokke by informele besighede waarmee hulle geld vir hulself en vir hul gesinne verdien.

Adams se grootste pleidooi is dat die regering weer onderwysers sal toelaat om beheer te neem oor hul eie klaskamers en om nie

Vriende van Afrikaans

'n Divisie van die ATKV

van leerkragte te verwag om so baie papierwerk te voltooi nie. Adams meen as gevolg van Covid-19 het papierwerk toegeneem, en klastyd word al minder.

“Ons moet kyk na die sukses wat Kuba behaal het met hulle leesprogramme.

“Kuba het onderwysers gevra om leesprogramme te dryf. Daar is dit nie sogenaamde ‘kenners’ wat leerkragte vanuit kantore probeer voorskryf nie. In Kuba is dit die onderwysers die kenners wat vir die owerhede vertel wat gedoen moet word.”

Een van die manier hoe die VVA help om ’n liefde vir lees te kweek en onderwysers se hande sterk te maak is deur die boektrommels wat die VVA aan kleuterskole en verdienstelike laerskole skenk.

Jy kan ’n blywende verskil maak deur ’n skenking aan die Vriende van Afrikaans se boektrommelprojek.

Jou bydrae – klein of groot – gaan die wêreld van woorde en stories aan kinders bekendstel.

Klik **hier** om ’n verskil te maak.

Gaste kon in die buitelig die lesing geniet.

William Keet, Chareldine van der Merwe, Dominique Botha en Quinton Adams.



Diana Ferrus saam met van die digters.



VOORWOORD

Om deel van hierdie ongelooflike produk en ervaring te wees, was vir my ’n groot voorreg.

Hierdie bundel gaan lesers op ’n reis neem deur ’n pragtige dorp in die Dwarsriviervallei. Die stories, staaltjies en gebeurtenisse wat die skrywers so mooi uitbeeld gaan lesers laat dink aan tye wanneer ’n nuwe mamma met haar pasgebore baba huis toe kom. Almal sal wil sien en kyk hoe hy/sy lyk. Dit is pragtig, snaaks, hartroerend en lesers sal die prentjies in hul geestesoog kan sien. Die skrywers kry dit reg om die stories en verhale van die pragtige dorp, Pniël, so mooi uit te beeld.

Baie dankie aan mnr Matthew Cyster vir die inisiatief en reëlings, die mense van die Pniël Museum en Diana Ferrus vir haar opleiding, raad, geduld en insette. Laastens, maar nie die minste nie, dank en waardering aan die skrywers wat hul weg oopgesien het om diep en mildelik te deel.

Dit was vir my en die VVA, ’n divisie van die ATKV, ’n ongelooflike voorreg om deel van hierdie projek te wees.

Chareldine van der Merwe – Projekbestuurder VVA.

In 2019 het die VVA op aanvraag en in samewerking van die Pniël Museum begin om skryfwerkswinkels aan te bied. Die werkswinkels was aangebied deur digter en skrywer Diana Ferrus. Die VVA is baie trots om te sê dat die eerste digbundel nou beskikbaar is. Die mense van Pniël het baie moeite gedoen om die bundel gedruk te kry.

Diana Ferrus sê die volgende oor die bundel:

Voetspore is 'n historiese bundel in die sin dat die skrywers, almal van Pniël, die geskiedenis van Pniël in digvorm vertel. Nie net vertel dit van die karakter van die dorp nie maar dit bring ook diepe herinneringe van persoonlike ervarings uit. Gevolglik sê mens dankie vir hierdie skrywers wat sekerlik merkwaardig emosioneel gegroei het en moet mens erken dat die kreatiewe skryfproses net soveel doen vir die skrywer se vertroue en selfbeeld.

Ons is oneindig dankbaar vir die ondersteuning wat ons vanaf VVA deur me van der Merwe gekry het. Die plan was om die bundel tydens hierdie jaar se Adam Small Fees bekend te stel wat van 26 tot 28 Februarie hier sou plaasvind. Ons is dus verskriklik hartseer dat die fees afgestel moes word en dit nie kon plaasvind nie. Die tweede prys sal dan nou die bekendstelling van die bundel op 13 Maart in die Museum Teetuin wees. Die bundel is teen R150, en R180 vir die hardeband, by die museum beskikbaar.

– Matthew Cyster

Ons loer in by Paternoster

Die VVA het in Januarie leesondersteuningsopleiding by Hoopsig in Paternoster aangebied. Die opleiding was aangebied deur Dokka Swart van Doen en Leer.

Shemoné Bokharry, die sentrum se bestuurder, gaan nou kinders by die sentrum en die omgewing help met leesondersteuning.

Dokka Swart besig met 'n les.

Hier ontvang die sentrum hulle pakket.

Links is Me. Riandi Robertse, hoof van Centurion Christelike Laerskool, en regs is Mandie Ehlers van die ATKV/VVA.

ALMAL HOU VAN LEES

Op 23 Februarie 2021 het Mandie Ehlers (ATKV en VVA) Centurion Christelike Laerskool besoek. 'n Wonderlike boektrommel is oorhandig aan die hoof, Me. Riandi Robertste. Mandie het ook boekopvoeding met die leerders gedoen en 'n heerlike storie gelees. Graad 0 tot Graad 7 leerders het heerlik na die storie geluister en aktief deelgeneem aan die boekopvoeding.

Daar word nou aan 'n voorleeswerkswinkel vir ouers en onderwysers beplan. Dankie dat ons saam met julle die liefde vir lees en boeke kan deel.

Voertaal

Dié artikel het op 16 Februarie 2021 in **Voertaal** *verskyn*

Op 11 Februarie 2021 is die Johan Combrink-gedenklesing langs die wynkelder van die plaas Bethlehem op Kylemore aangebied. Quinton Adams was die gasspreker. Die Vriende van Afrikaans (VVA), 'n divisie van die ATKV, bied elke jaar die Johan Combrink-gedenklesing aan ter nagedagtenis van dié bekende taalkundige, wat ook 'n stigterslid van die VVA was.

Dominique Enthoven, beter bekend aan Afrikaanse lesers as Dominique Botha, skrywer van die bekroonde roman *Valsrivier*, het die aand se verrigtinge geopen. Sy en haar man, Adi, besit die plaas. Pierre Simond se woning bestaan nie meer nie. Enthoven het haar toespraak aan Voertaal beskikbaar gestel.

Liewe Vriende

Dit is vir my 'n groot voorreg om julle vanaand op ons plaas, Bethlehem, te verwelkom.

Die Dwarsriviervallei is bybelse wêreld met 'n storieryke atmosfeer wat jy begin inadem sodra jy oor die kruin van die pas afsink in hierdie paradys van berge. Waarlik die aangesig van God, soos Pniel in Hebreeus beteken.

Hier is genoeg verhale vir 'n duisend en een nagte, en miskien sal iemand nog werk daarvan maak in 'n boek, maar ek wil julle graag vertel hoekom vanaand se gedenklesing veral in pas is met die geskiedenis van Bethlehem.

Indien julle 'n glas wyn vanaand lig, is dit te danke aan die Franse vlugtelinge wat ongeveer 350 jaar gelede in die nat en koue lente van 1688 skuiling kom soek het in die Boland. Die vlugtelinge was geloofvaste mense wat vervolging, marteling, die brandstapel, die Atlantiese Oseaan, olifante, klipperige grond, Februaries so warm soos die Anderplek, om nie eers die Suidooster te noem nie, moes trotseer om uiteindelik in hierdie pragtige vallei weer te begin. En vandag baat ons as afstammelinge en mede-Suid-Afrikaners steeds uit die wynboukennis en wynstokkies in lappe toegedraai wat hulle saamgedra het in hul bannelingskap.

Die leier van die vlugtelinge, Pierre Simond, beskou as die herder en verlosser van sy getraumatiseerde gemeente, was die heel eerste eienaar van hierdie plaas, wat hy met die Bybelse naam Bethlehem gedoop het.

Ons onthou (of geheelonthou) so min of meer almal van die wyn, maar ons het grotendeels vergeet van die woord. En daarmee bedoel ek die literêre bydra van Pierre Simond, want 350 jaar gelede het hy op hierdie plaas die heel eerste boek in Suid-Afrika geskryf.

Die merkwaardige ds Simond het homself nie net as leier en besigheidsman bekwaam nie, maar ook as skrywer. Sy lewe in die Kaap was nie maklik nie. Onstuimige verhoudings met die bekende Van der Stels, asook moeilike Hugenote, het sy lewe versuur. Misien het Simond toevlug geneem in sy afgeleë vesting tussen die majestueuse Drakensteinberge en vrede gevind in sy poging om die psalms van Dawid te herberym. Hy het ook sy droom kon bewaarheid en in 1704 is *Les Veilles Afriquaines* in Amsterdam uitgegee.

Die bestaan van sy boek is wel opgeskryf in die argief, maar daarna verdwyn dit soos 'n speld. Vir meer as 200 jaar is daar bespiegel of die boek werklik bestaan. Het Pierre Simond inderdaad die eerste literêre werk in Suid-Afrika geskep soos aan hom toegeskryf is?

'n Antwoord op hierdie vraag het eers in die 1990's moontlik geword. Toe die Koue Oorlog eensklaps tot 'n einde kom en Suid-Afrika se binnemure van verdeling ook val, was daar skielik weer belangstelling in die soektog na die psalms van Pierre Simond. 'n Span van vyf navorsers het die biblioteke van Europa noukeurig gefynkam en na 'n lang soektog 'n kopie van die lang verlore *Les Veilles Afriquaines* in die Nasionale Biblioteek van Rusland in Sint Petersburg opgespoor.

Navorsing het getoon dat die biblioteek in Sint Petersburg die kopie op 'n onortodokse manier bekom het. Dit het oorspronklik behoort aan 'n bekende Poolse biskop, Zaluski, wat 'n groot aantal religieuse tekste in die 1700's versamel het, waaronder Pierre se psalter. Weens die heen-en-weer-rampokkery so kenmerkend van daardie wêrelddeel is buit gereeld oor die verskuiwende grense gedra. Rusland is egter in 1920 genoodsaak om die helfte van die Zaluski-versameling weer aan Pole terug te besorg. En toe verbrand die versameling in Warskou tydens die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog. Die enigste oorblywende kopie van *Les Veilles Afriquaines*, oftewel "Nagwake uit Afrika", het gelukkig in Sint Petersburg bewaar gebly.

Nagwake uit Afrika het 'n dus sonderlinge reis gehad, vanaf die Banghoekberge aan die suidpunt van Afrika in 1699, via Nederland, Warskou, en uiteindelik Sint Petersburg in Rusland, waar dit eers weer in 1997 weer opgeduik het – 297 jaar na publikasie.

Ek wil graag hê dat ons vanaand 'n glas lig op Pierre Simond, onder dieselfde Afrika-maan en -sterre wat sy skrywes belig het, en voorstel dat vanaand se geleentheid die inhuldiging mag wees van hierdie ruimte as 'n plek vir skrywers, lesers, 'n plek van onthou, 'n ruimte vir drome en herberymings.

Dankie aan die ATKV, aan Quinton Adams, en aan my mededromers Chareldine van der Merwe en William Keet.

Briewe

Liewe Chareldine

Die laaste maand van hierdie jaar het soos 'n vloedgolf oor ons geslaan, maar ons kan nie die kans laat verbygaan om jou, die Vriende van Afrikaans en die ATKV te bedank vir jul steun en meelewing en die skenking van kosbare boeke nie.

Ons waardeer dit alles opreg.

Mag dit vir almal 'n geseënde Kerstyd wees en mag die nuwe jaar hoop en heling bring.

Mooistes!

Joan

Andermaal baie dankie vir die Nuusbrief. Baie geluk aan algar betrokke. Jou meel storie is so uit die Bybel se vermeerdering van die brood ens.

Theo Winckler

Dankie, Chareldine! Ek het nou lekker gelees.

Groete uit Taiwan

Karien

Dear friend,

An extraordinary year is behind us and thanks to you
we have accomplished extraordinary things.

Thank you for standing together, thank you for
your tireless commitment and support.

Joan Kruger, André Kleynhans,
Dr. Muller Coetzee & Maike Reinhardt

PATERNOSTER PROJECT NPC

KEN EN DIEN

CENTURION CHRISTELIKE LAERSKOOL
VIR BYBELGEFUNDEERDE ONDERWYS

H/V Edinburghlaan en Cornellstraat
Clubview Oos
0157

REG NR: 2004/001954/08
EMIS NR: 700400257

Posbus 12587
Clubview
0014

Tel: 012 654 7577
Faks: 086 667 5665
skool@lscenturion.co.za
www.lscenturion.co.za

VIR AANDAG: MANDIE EHLERS

Beste VVA

i/s: SKENKING VAN BOEKTROMMEL AAN CENTURION CHRISTELIKE LAERSKOOL

Graag wens ons opregte dank uit te spreek vir die skenking van 'n boektrommel aan ons skool. U bydrae word hoog op prys gestel. Ons kinders gaan nou lekker lees!

Groete

Riandi Robertse

SKOOLHOOF

Hallo julle

Vir julle gemak, die skakel na 'n uitstekende artikel en mooi foto's oor die afgelope gedenklesing in Kylemore. Baie geluk, Chareldine. Ek dink Johan sou baie in sy skik gewees het met die lesing gesien die geletterdheidswerk wat hy self gedoen het. Dit lyk of dit 'n heerlike aand was.

Kliek hier

Mooi loop!

Amanda de Stadler

Doendinge in Afrikaans

NUUSBRIEF

Redakteur: **Mandie Ehlers**

Assistentredakteur: **Chareldine van der Merwe**

Bladuitleg: **Plenti Creative**

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:
Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegno Park Stellenbosch 7600

Posadres: Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon: 021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer: 021 880 1946

E-posadres:

Mandie Ehlers:
mandiee@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:
chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste: www.atkv.org.za

Koopdinge in Afrikaans

DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:

1. **Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
2. **Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
3. **Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
4. **CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
5. **Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
6. **Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
7. **Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

Bank:
ABSA, Tjekrekening
Rekeningnaam: ATKV
Rekeningnommer: 0170166728
Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

"Swift Code": ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenkbundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.

Vriende van Afrikaans

'n Divisie van die ATKV